SABBATSKOOL
BYBELSTUDIEGIDS
VIR VOLWASSENES

SEVENTH-DAY ADVENTIST CHURCH

1 DIE HEILIGE GEES EN GEESTELIKHEID

Inhoud

1	Die Heilige Gees en die Woord *(31 Des.–6 Jan.)*	6
2	Die Heilige Gees: Aan die werk agter die skerms *(7-13 Jan.)*	14
3	Die Goddelikheid van die Heilige Gees *(14–20 Jan.)*	22
4	Die Persoonlikheid van die Heilige Gees *(21–27 Jan.)*	30
5	Die Doop en invulling van die Heilige Gees *(28 Jan.-3 Feb.)*	38
6	Die Heilige Gees en 'n heilige lewenswandel *(4–10 Feb.)*	46
7	Die Heilige Gees en die vrug van die Gees *(11–17 Feb.)*	56
8	Die Heilige Gees en die gawes van die Gees *(18–24 Feb.)*	64
9	Die Heilige Gees en die Kerk *(25 Feb.–3 Mrt.)*	72
10	Die Heilige Gees, die Woord, en Gebed *(4–10 Mrt.)*	80
11	Om die Gees te bedroef en te weerstaan *(11–17 Mrt.)*	88
12	Die Werk van die Heilige Gees *(18-24 Mrt.)*	96

Redakteurskantoor:
12501 Old Columbia Pike
Silver Spring, MD 20904

Besoek ons by:
http://www.absg.adventist.org

Hoofbydraer:
Frank Hasel

Redakteur:
Clifford R. Goldstein

Assistent-redakteur:
Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder:
Lea Alexander Greve

Subredakteur:
Sharon Thomas-Crews

Pacific Press® Koördineerder:
Wendy Marcum

Kuns en Ontwerp:
Lars Justinen

©Alle kopieregte 2017 Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® word voorbehou. Geen gedeelte van die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes* (Eerste Kwartaal), mag geredigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduseer of gepubliseer word deur enige persoon of entiteit, sonder die geskrewe magtiging van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® nie. Die Sabbatskool Departement van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® het toestemming om te reël vir die vertaling van die *Sabbatskool-Bybelstudiegids vir Volwassenes*; dit is onderhewig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publisering daarvan word voorbehou deur die Wêreldkonferensie. "Sewendedag-Adventiste", "Adventiste" en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®, en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie. *Die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes (standaarduitgawe)* word voorberei deur die Sabbatskooldepartement van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®. Hiierdie studiegidse staan onder die algemene leiding van die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n subkomitee van die Wêreldkonferensie se Administratiewe Komitee *(ADCOM)*, en die uitgewer van die bybelstudiegidse. Die bybelstudiegids weerspieël dus die algemene bydraes van 'n wêreldwye evalueringskomitee en die goedkeuring van die Sabbatskool Uitgewersraad; en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van die hoofbydraer en/of outeur(s) nie. Hierdie uitgawe word gedruk en versprei in Kaapstad, Suid-Afrika.

Bybelaanhalings
Tensy anders vermeld, word alle skriftuurlike verwysings in hierdie uitgawe vir die eerste kwartaal 2017 aangehaal uit die volgende Bybelvertaling(s):
Die Bybel, die 1933/53-vertaling © 1933, 1953 Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

DB. Aanhalings gemerk DB is uit die Bybel, *Die Boodskap* © 2002. Alle regte voorbehou. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930.

AFR83. Aanhalings gemerk AFR83, uit *Die Bybel* © 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Die Heilige Gees en Geestelikheid

Baie van ons het al hierdie woorde gehoor: "Ek doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees." En indien ons gedoop is, het ons sekerlik al hierdie woorde gehoor net voordat ons deur 'n leraar onder die water gedompel is *(sien Matt. 28:19)*.

Gedoop in die Naam van die Vader, die Seun, *en die Heilige Gees*. Ja, die Gees word hier saam met die Vader en die Seun genoem.

En dis ook geen wonder nie. Leerstelling nommer 5 van die Sewendedag-Adventiste Kerk ("God die Heilige Gees") lees: "God die ewige Gees was aktief saam met die Vader en die Seun in die Skepping, vleeswording, en verlossing. Hy het die skrywers van die Skrif geïnspireer. Hy het Christus se lewe met krag gevul. Hy trek en oortuig die mens; en diegene wat reageer, vernuwe en transformeer Hy na die beeld van God. Gestuur deur die Vader en die Seun om altyd met Sy kinders te wees, gee Hy geestelike gawes aan die kerk, en bemagtig hulle om getuies vir Christus te wees, en om in harmonie met die Skrif te leef in alle waarheid." (vry vertaal.)

Wanneer ons egter die Bybel lees, veral die Ou Testament, sien ons hoe God die Vader regstreeks en aktief werksaam is. Sy optrede is oral. In die Nuwe Testament, veral in die Evangelies, lees ons oor en oor van die werk en aktiwiteite van Jesus, die Seun. Jesus — sy lewe, sy dood, en sy bediening in die hemel – oorheers die Nuwe Testament.

In teenstelling met die aktiwiteite van beide die Vader en die Seun, is die werk van die Heilige Gees nie so openlik uitgebeeld in enige van die twee testamente nie. Maar daar is ‘n rede vir hierdie kontras: die Heilige Gees wil nie die middelpunt van aandag wees nie. Hy speel ‘n groter rol agter die skerms. Die Vader en die Seun word meer direk in die Woord geopenbaar. En die rede hiervoor is dat die Heilige Gees ons wil rig, nie tot Homself nie, maar na Jesus en wat Jesus alles vir ons gedoen het.

Terwyl ons die werk van die Heilige Gees gaan bestudeer, sal ons sien hoe sentraal Hy in ons Christelike ondervinding staan. Die Heilige Gees, as God Self, ken God soos geen mens Hom kan ken nie; daarom kan Hy God aan ons openbaar op ‘n betroubare en eerlike wyse. Die Heilige Gees het eerstens die bybelse skrywers geïnspireer, en vandag lei die Heilige Gees ons terwyl ons daardie geïnspireerde woorde bestudeer.

Die Heilige Gees bied ons die versekering van ons verlossing deur Jesus Christus *(Rom. 8:16)*, en Hy lewer die bewyse van God se werk in ons lewens *(1 Joh. 3:24)*. Die Heilige Gees reinig ons ook van sonde en heilig ons. “Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God” *(1 Kor. 6:11, AFR83)*. Die Gees skep in ons ‘n lewenslange groeiproses in heiligheid, wat die vrug van die Gees in ons voortbring - “liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing” *(Gal. 5:22, 23, AFR83)*.

“Die Gees sou gegee word as ‘n wederbarende krag, *en daarsonder sou die offer van Christus niks gebaat het nie*. Die mag van die boosheid het deur die eeue sterker geword, en die magtige werking van die Derde Persoon van die Godheid, wat nie met beperkte mag sou kom nie, maar in die volheid van goddelike krag. Dit is die Gees wat die werk van die wêreld se Verlosser doeltreffend maak.”—Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, p. 689. *(kursief voorsien.)*

As gevolg van die Heilige Gees se belangrike werk in die lewens van gelowiges, sal hierdie kwartaal se studie ons help om ‘n beter begrip te verkry van die groot gawe wat ons in die Heilige Gees het.

Frank M. Hasel, Ph.D., is dekaan van die Teologie Departement aan die Bogenhofen Kweekskool in Oostenryk, Europa, waar hy ook die direkteur van die Ellen G. White Studiesentrum is. In 2009 sterf sy vrou aan kanker. Sedertdien het hy geleer om op God se goedheid staat te maak op maniere wat hom elke dag nuwe ondervindinge van troos en vrede bring. Hy maak staat op die transformerende krag van die Heilige Gees in sy lewe.